# MATRIC EXAM REVISIONS

## AFRIKAANS HOME LANGUAGE PAPER 1 (2019)

**QUESTION PAPER**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**NOVEMBER 2019**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**IS AFRIKAANSE MUSIEK REGTIG SO VROT?**

Johan Myburg

1 In 'n onlangse vlaag kritiek in briewe aan koerante, op nuuswebwerwe en sosialemediaforums waarin uitgevaar is teen Afrikaanse musiek, het sangers, liedjieskrywers en radiostasies behoorlik deurgeloop. Sangers is beskuldig van "ritmelose en irriterende musiek"; liedjieskrywers is geroskam oor hulle "herhalende, niksseggende en ligsinnige lirieke". Radiostasies se programsamestellers van musiekprogramme is uitgekryt as "bewusteloos" omdat hulle blykbaar nie 'n benul het van wat goeie en slegte musiek is nie. Hulle moes hoor hulle doen nie die nodige navorsing om ordentlike materiaal te bekom nie.

2 Weggesteek tussen die stortvloed van bogenoemde klagtes kom die eeue-oue probleem weer na vore: wat is goed en wat is sleg, wat is reg en wat moet weg? Oor voorkeure, het die Romeine dit al lankal uitgemaak, kan 'n mens nooit 'n finale beslissing vel nie. 'n Mens se persoonlike voorkeure bly bloot subjektiewe menings, en dit kan tog nooit voorskriftelik van aard wees nie en behoort daarom tydens argumentvoering oor die gehalte van Afrikaanse musiek buite rekening gelaat te word. Een persoon se ordentlik en smaakvol is vir die ander hondvervelig; vir iemand is 'n spesifieke sanger se musiek 'n getjank, vir 'n ander weer, die toppunt van tere emosie.

3 Meningsverskille oor die gehalte van Afrikaanse musiek is nie iets van verbygaande aard nie. Met gereelde tussenposes is daar telkens golf op golf van kritiek wat opstoot en dikwels walle oorspoel, soos nou weer die geval is. Reeds in 2012 het Marike Verwey, 'n joernalis wie se spesialisveld Afrikaanse musiek is, in dié verband in *Huisgenoot* haar kwellings oor Afrikaanse musiek geopper. Van haar sterkste punte van kritiek was dat die mark oorstroom is met Afrikaanse musiek waarvan die lirieke van "swak gehalte" is, dat daar te min liriekskrywers is wat weet hoe om "goeie musiek te skryf" en dat "te min sangers bereid is om vernuwende Afrikaanse musiek te sing". <u>En nou, sewe jaar later, word steeds briewe hieroor geskryf</u>, grappe om braaivleisvure oor "my-*baby*-*baby*-musiek" gemaak en kritiek oor flou Afrikaanse musiek geopper.

4 Na aanleiding van Verwey se kwellings hierbo en in die ewige soeke na wat goeie Afrikaanse musiek nou eintlik is, reageer die Afrikaanse liedjieboer, Anton Goosen, dat daar nie werklik 'n resep bestaan om tussen goeie en swak musiek te onderskei nie. "Vir my is dit belangrik dat 'n liedjie die luisteraar enduit geïnteresseerd moet hou, hetsy dit nou deur middel van die woorde of die wysie is. As 'n liedjie met jou práát, dán is dit 'n goeie 'song'," sê hy.

5 In verdere reaksie op Verwey se kritiek rakende die sogenaamde swak lirieke in Afrikaanse musiek, is die sanger/liedjieskrywer, Simoné Redcliff, baie uitgesproke: "Asseblief, hekwagters, hou ryme en ritmes en diep gedagtes uit ons musiek! Swak lirieke is 'n klein opoffering in die belang van artistieke vryheid; los musiek sodat dit kan wees wat dit wil – musiek! Los diep gedagtes vir letterkundiges. Musiek wil nié poësie wees nie, asseblief!"

6 Estelle Loftus, stasiebestuurder van die Afrikaanse radiostasie, LFM*, verdedig die kritiek wat na die radiostasies geslinger word – veral dié oor hulle keuses van liedjies met niksseggende lirieke – deur te verduidelik dat LFM se luisteraars se musieksmaak die kriterium is wat gebruik word vir dié stasie se sogenaamde vullermusiek (musiek wat tussen programme gebruik word). LFM se musiek moet luisteraars goed laat voel, met ander woorde, musiek moet 'n opgeruimde wysie hê; musiek wat die luisteraar in 'n goeie luim kry, nié rock nie en ook nie stadiger of wroegende musiek nie. Om hierdie balans te handhaaf moet LFM se programopstellers gereeld die veranderinge in die Afrikaanse musiekmark dophou om seker te maak dat die stasie goeie musiek speel waarvan hulle luisteraars hou.

7 In reaksie op Verwey se kritiek dat sangers nie vernuwende Afrikaanse musiek wil sing nie, sonder Isaac Mtshali, grootbaas van Boom Recording Studios, van sy maatskappy se sangers uit wat werklik uit hulle pad gaan om vernuwend te werk, dikwels ten koste van finansiële voorspoed as gevolg van kleiner luistergetalle en CD-verkope. "Kunstenaars soos David Kramer, Anton Goosen, Refentse en verál Les Javan is vernuwende sangers wat musikale brûe herstel, ook tussen bruin en wit musiekliefhebbers wat deel van 'n unieke musiekgeskiedenis vorm," sê hy.


8 Is Afrikaanse musiek dan rêrig so vrot? Wat musiekliefhebbers nie uit die oog moet verloor nie, is dat 'n beduidende segment luisteraars van Afrikaanse musiek nie noodwendig dieselfde hoë artistieke standaarde soos die kritici in gedagte het wanneer hulle na 'n liedjie luister nie. Hulle wil bloot na musiek met maklike lirieke luister wat hulle in die motor op pad huis toe in staat stel om te kan saamsing, en musiek waarvan die ritme hulle voete op 'n dansbaan laat jeuk.

9 Solank musiekliefhebbers en -luisteraars musiek koop en luister na wat hulle laat goed voel, is Afrikaanse musiek kerngesond. En as dit dan bokkie-sokkie-rokkie-lirieke en brabbelmusiek is, wie se "smaak" is dan nou regtig só verkeerd?

*LFM is die handelsnaam vir die nuwe deurnagradiostasie, Luister-FM.

[Verwerk uit https://maroelamedia.co.za]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Verwerk uit *Volksblad*, 1 September 2015]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Watter inligting in paragraaf 1 dui aan dat die kritiek oor Afrikaanse musiek wyd in omvang was? (1)

1.2 Wie, wat by die kreatiewe proses van Afrikaanse musiek betrokke is, loop onder kritiek deur en wat is hierdie kritiek? (2)

1.3 Waarom kan daar oor voorkeure nooit 'n finale beslissing gevel word nie? Watter wenk gee die skrywer in paragraaf 2 in hierdie verband? (3)

1.4 "... golf op golf van kritiek ..." en "... dikwels walle oorspoel, ..." (reël 20 en 21).

Dink jy die woordkeuse in hierdie aanhaling is binne konteks van die artikel effektief? Gee TWEE redes vir jou antwoord deur na elke aanhaling hierbo **afsonderlik** te verwys. (2)

1.5 Noem kortliks Marike Verwey se hoofpunte van kritiek teenoor Afrikaanse musiek. Gee EEN rede waarom sy NIE kritiek teenoor radiostasies se programsamestellers van musiekprogramme lewer NIE. (4)

1.6 Wat is die verband tussen die onderstreepte gedeelte in paragraaf 3 en die inhoud van paragraaf 1? (1)

1.7 Gee TWEE redes waarom Simoné Redcliff die kritici van Afrikaanse lirieke as "hekwagters" beskryf. Motiveer waarom juis Redcliff se uitsprake van "hekwagters" ongeloofwaardig is. (3)

1.8 Herlees paragraaf 6.

1.8.1 Watter teenargument voer LFM aan ten opsigte van die kritiek waaronder radiostasies in paragraaf 1 deurloop? (1)

1.8.2 Sal luisteraars na LFM wil luister nadat hulle die inligting in ag geneem het oor hoe hierdie radiostasie hulle musiek kies? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Wat sal 'n positiewe gevolg vir die kunstenaars van Boom Recording Studios wees indien hulle NIE vernuwende musiek sing NIE? Sê ook hoekom sangers wat nie vernuwende musiek sing nie, vir Boom Recording Studios tot voordeel kan wees. (3)

1.10 Watter sanger word volgens die teks as brugbouer uitgesonder? Sê ook wat dit beteken om 'n brugbouer vir Afrikaanse musiek te wees. (2)

1.11 Paragraaf 8 verwys na hoë artistieke standaarde wat kritici in gedagte het.

Aan watter hoë artistieke standaard sal liedjieskrywers volgens die teks moet voldoen indien hulle kritici ten opsigte van gehaltemusiek tevrede wil stel? (1)

1.12 Dink jy die kritiek teen Afrikaanse musiek, soos in hierdie artikel, is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Is die visuele aanduidings gepas om die tema van musiek uit te beeld? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.14 Is die hartjie saam met die woorde op die sanger se hemp funksioneel om die spotprent te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN TEKS B**

1.15 Die woorde van die liedjie in TEKS B hou verband met van die kritiek wat in paragraaf 1 van TEKS A genoem is.

Bewys die korrektheid van hierdie stelling. (1)

1.16 Met watter woord in paragraaf 5 van TEKS A hou SPRAAKBORREL 2 van TEKS B verband? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE voorbeelde van olifantgedrag** wat die skrywer waargeneem het.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**OOM OLIFANT, JOU REUSEDIER**

Gewoonlik hou ek my hart vas as ek olifante en hulle gedrag in my tuin in Sabiepark dophou. Hulle verras my elke keer opnuut met iets anders as tydens hulle vorige besoeke.

Olifante is sulke merkwaardige diere dat ek my vrye tyd dikwels gebruik om notas te neem terwyl ek my aan hulle positiewe kwaliteite verwonder. Hierdie diere openbaar in die eerste plek 'n humorsin wat my verstom. Daarom was my lekkerste glimlagervarings te danke aan olifantplatjies wat met hulle slurpe waterkanon-waterkanon speel.

Nes mense se velle uitdroog, word olifante ook met hierdie selfde probleem gekonfronteer. Maar wat nou as hierdie diere nie "olifantroom" het nie? Dan word olifante planmakers: hulle rol in modderpoele om hierdie probleem die hoof te bied! En tydens hierdie ontspannende modderrituele het ek ook verbaas opgelet hoe vindingryk hierdie diere se kommunikasietegnieke is: flappende ore van die leierolifante is byvoorbeeld 'n teken dat gevaar dreig.

As 'n mens olifante se samesyn fyn dophou, sal jy agterkom dat 'n basiese familiegroep om een volwasse koei georganiseer word. Die manier waarop die trop hulle binne hierdie vaste sosiale struktuur gedra, is absoluut fassinerend. Die leierolifant en haar kalwers word byvoorbeeld onder andere toegelaat om altyd eerste te eet en te drink. As ander volwasse olifante hierdie patroon ontwrig, is die duiwel behoorlik los!

Daarom is dit dan ook nie snaaks as jy bogenoemde in ag neem om die buitengewone band van welwillendheid tussen olifante in dieselfde trop te verstaan nie. 'n Olifantkoei sal byvoorbeeld dadelik die kalf van 'n ander koei as haar eie aanvaar as die situasie dit sou vereis.

Indien 'n olifanttrop met 'n struikelblok gekonfronteer word, sal die leiers verskeie oplossings oorweeg as dit vir die trop geen gevaar inhou nie. 'n Mens verstom jou aan olifante se hoë intelligensievlakke. Hulle redeneer soos mense! En as hulle speel, speel hulle met 'n sorgvrye uitgelatenheid soos mensekinders. Ek geniet dit byvoorbeeld altyd wanneer hierdie grote diere en hulle kalfies hulle soos mense gedra.

So, verspeelde vrye tyd, reken ek, is in orde as ek dit vergelyk met die ure se genot wat ek ervaar terwyl ek hierdie fantastiese kolosse bewonder.

[Verwerk uit https://blogs.litnet.co.za/hvandeventer]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit https://laerskoolpietduplooy.co.za]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gebruik die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord (reël 1) in 'n sin van jou eie. Skryf dan die basisvorm/stam van hierdie woord neer. (2)

3.2 Gebruik die onderstreepte woord in reël 2 as 'n sterk verlede deelwoord in 'n verklarende sin. (1)

3.3 Herskryf reël 5 en 6 in die aanvoegende wyse. (1)

3.4 Verbeter die pleonasme deur reël 7 en 8 korrek oor te skryf. (1)

3.5 Skryf die oorredende taal wat in reëls 9 tot 11 voorkom, neer. (1)

3.6 Is die stelling in reëls 9 tot 11 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (1)

3.7 Herskryf die sin in reëls 12 tot 14 in die lydende (passiewe) vorm. (1)


3.8 Adverteerders fokus op 'n spesifieke teikenleser.

Wie is die teikenleser wat die adverteerder met hierdie advertensie wil bereik? Slaag die advertensie daarin om die teikenleser te oortuig om te reageer? Motiveer jou antwoord. (2)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit https://gocomics.azcentral.com]

4.1 Skryf 'n woord in RAAMPIE 1 neer waarin klankverspringing/metatesis voorkom. Wat impliseer Jerome met die onderstreepte uitdrukking in hierdie raampie? (2)

4.2 "Ek het jou gesê alle oumense is moeilik oor hulle karre!" (RAAMPIE 1)

Stem jy saam dat Jerome hier bevooroordeeld is? Motiveer jou antwoord. (1)

4.3 Verbeter die anglisisme deur die onderstreepte sin in RAAMPIE 2 te herskryf. (1)

4.4 Verbind die onderstreepte sinne in RAAMPIE 3 en 4 met die voegwoord *omdat.* Watter betekenisfunksie het dié voegwoord in hierdie saamgestelde sin? (2)

4.5 Waarom is dit noodsaaklik dat "eggo" (RAAMPIE 4) met 'n dubbelkonsonant geskryf word? (1)

4.6 Gebruik die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 6 as 'n skeibare werkwoord in 'n verduidelikende sin. (1)

4.7 Hoe word seuns in RAAMPIE 7 gestereotipeer? (1)

4.8 Vorm 'n selfstandige naamwoord van die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 8 deur middel van klinkerwisseling. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**MET GOEIE VETKOEK KAN 'N MENS DIE WINTER VERSLAAN**

1 Wanneer dit by innerlike versterking kom, is ek nie 'n man van fieterjasies nie.

2 In die geval van 'n (5.2) vierpotig**e** dier begin ek by sy snoet en eindig by sy stert se punt. As dit by voedsel kom, is kieskeurigheid nie deel van my woordeskat nie. (5.3) Ek verorber álles.

3 Maar nou moet ek erken dat ek vir één (5.4) eetding in hierdie lewe 'n swak plek het – vetkoek.

4 Om hierby aan te sluit is ek geseën met 'n wederhelf wat nie ronde handjies het nie. Dikwels wonder ek of sy nie ingeboude suurdeeg in haar hande het nie.

5 Want 'n degie wat onder daardie twee gebalde vuiste in 'n knieskottel deurgeloop het, rys binne minute tot epidermiese proporsies. Dwarsoor die rant van die skottel. Soos lawa uit 'n vulkaan.

6 Haar eindprodukvetkoeke is deur die bank so veerlig soos heliumgevulde ballonne. Bedien dit nou met 'n stomende porsie sop, dan is jou stryd teen die winter reeds halfpad gewonne.

7 Selfbeheersing teen oordadigheid is dán die (5.8) wagwoord.

8 My liefde vir vetkoek het doer in my kinderdae begin. My tannie Angeline het 'n tuisnywerheid met 'n raaskopparaffienstofie, 'n sakkie meel en 'n paar blokkies Holsumvet begin.

9 En hier lê die winter nou weer vlak voor die deur. Ja-nee, sommige dinge is die moeite werd om na uit te sien.

[Verwerk uit *Die Burger*, 19 Mei 2018]

5.1 Skryf die diftong wat in die titel voorkom neer. (1)

5.2 Wat is die funksie van die onderstreepte agtervoegsel in paragraaf 2? (1)

5.3 Verander die onderstreepte sin in paragraaf 2 van gevoelstaal na neutrale taal. (1)

5.4 Gee die meervoud van die onderstreepte woord in paragraaf 3. (1)

5.5 Skryf 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 4 neer. (1)

5.6 Gee die rede vir die gebruik van die komma in onderskeidelik paragraaf 5 en paragraaf 8. (2)

5.7 Wat is die funksie van die onderstreepte verbindingswoorde in paragraaf 6? Gebruik ook dié onderstreepte woorde denotatief in 'n sin van jou eie. (2)

5.8 Gebruik die bepaler van die onderstreepte woord in paragraaf 7 as die kern van jou eie samestelling. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Inside Education
Inspiring Minds

# MATRIC EXAM REVISIONS

## AFRIKAANS HOME LANGUAGE PAPER 1 (2019)

**ANSWER PAPER**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Die kritiek is in koerante/nuuswebwerwe/sosialemediaforums/verskeie media uitgespreek. √ | 1 |
| 1.2 | Sangers<br>Hulle is daarvan beskuldig dat hulle musiek geen ritme het nie./dat dit musiek is wat irriteer.<br>**OF**<br>Liedjieskrywers √<br>Hulle is gekritiseer oor lirieke wat herhaal./niksseggend is./ligsinnig van aard is. √<br><br>*Die mense wat onder kritiek deurgeloop het en die kritiek volgens paragraaf 2 word onafhanklik geassesseer.* | <br><br><br><br>1<br>1 |
| 1.3 | Voorkeure is subjektief (van aard wat nie op objektiewe kriteria berus nie)./<br>Menings kan nie voorskriftelik van aard wees nie./<br>Een persoon se smaakvol is vir die ander persoon hondvervelig./Vir iemand is 'n sanger se musiek 'n getjank en vir ander 'n tere emosie./<br>Niemand het die reg om vir iemand anders voor te skryf wat as "goed" beskou word/waarvan hy/sy moet hou nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Persoonlike voorkeure moet tydens argumentvoering buite rekening gelaat word. √ | <br><br><br><br><br>2<br><br><br><br>1 |
| 1.4 | Ja<br>"golf op golf van kritiek ..." dui op die hewige/herhalende kritiek/"vlaag van kritiek" wat oor 'n tydperk/vanuit verskeie oorde kom. √<br>"... dikwels walle oorspoel ..." is effektiewe woordgebruik omdat dit die oormaat van kritiek verduidelik./daarop dui dat hierdie kritiek nie gekeer/verhoed kan word nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | <br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Die Afrikaanse musiek se lirieke is van swak gehalte. √<br>Te min liriekskrywers weet hoe om goeie musiek te skryf. √<br>Te min sangers is bereid om vernuwende Afrikaanse musiek te maak. √<br><br>Verwey is nie 'n kundige op die gebied van radioprogramsamestelling nie./<br>Sy is 'n joernalis wie se spesialisveld Afrikaanse musiek is./<br>Programsamestellers vorm nie deel van die kreatiewe proses van Afrikaanse musiek nie./<br>Daar bestaan nie 'n resep om te onderskei tussen goeie en swak musiek nie./<br>Die programsamestellers speel musiek waarvan die luisteraars hou (ongeag die gehalte daarvan)./<br>Die programsamestellers is nie vir die gehalte van die Afrikaanse musiek verantwoordelik nie. √ | 3<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.6 | Albei paragrawe maak melding van briewe./<br>Albei paragrawe verwys na openbare kritiek (oor Afrikaanse musiek)./<br>Dieselfde kritiek (teen Afrikaanse musiek) word steeds gehuldig./uitgespreek.√ | 1 |
| 1.7 | Hulle besluit namens ander hoe lirieke vir Afrikaanse musiek geskryf moet word./moet klink./<br>Die hekwagters wil hê dat daar rym/ritme/diep gedagtes in Afrikaanse musiek moet wees./Hulle ontneem kunstenaars van artistieke vryheid om musiek sonder diep gedagtes/poësie te maak./<br>Hulle dink hulle kan verhoed dat Afrikaanse musiek se lirieke herhalend/ niksseggend/ligsinnig is. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Sy is <u>self</u> 'n liedjieskrywer./Sy het al <u>self</u> lirieke geskryf./<br>As liedjieskrywer, is sy subjektief in haar uitspraak. √ | 2<br><br><br><br><br><br>1 |
| 1.8.1 | LFM maak seker hulle speel musiek waarvan die luisteraars hou./<br>LFM hou die Afrikaanse musiekmark dop./doen navorsing oor die musiek waarvan hul luisteraars hou. √ | 1 |
| 1.8.2 | Ja<br>Die luisteraars hou daarvan om na musiek te luister wat hulle goed laat voel./wat 'n opgeruimde wysie het./<br>Luisteraars luister na musiek wat by hulle musieksmaak pas.<br>Die luisteraars luister nie na rockmusiek/musiek wat wroegend van aard is nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die luisteraars wil gereeld/net na rockmusiek luister./<br>Die luisteraar verkies om na stadige/wroegende musiek te luister. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Hulle sal finansieel daarby baat./meer CD's verkoop./<br>Meer mense sal na hulle musiek luister./Hulle sal meer bekend (as sangers) wees.√<br><br>Boom Recording Studios sal meer blootstelling kry./finansieel voordeel trek./<br>Meer mense sal na hulle musiek luister./<br>Hulle sal meer CD's kon verkoop. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 1.10 | Les Javan √<br><br>Dit bring mense/bruin en wit musiekliefhebbers (deur middel van Afrikaanse musiek) bymekaar. √ | 1<br><br>1 |
| 1.11 | Die lirieke moet 'n dieper betekenis inhou/rym/ritme moet wyer as net die dansvloer strek.√ | 1 |
| 1.12 | Ja<br>Indien 'n mens nie hoë artistieke standaarde aan musiek stel nie, bestaan die gevaar dat musiek van swak gehalte die mark kan oorspoel.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>'n Gebrek aan hoë artistieke standaarde beteken nie noodwendig dat die musiek van swak gehalte is nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Ja<br>Die mikrofoon sluit by die tema van musiek aan./<br>Die persoon is besig is om te sing./te dans./<br>Die musieknote sluit by die tema van musiek aan. √√<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.14 | Ja<br>Die hartjie op die sanger se hemp simboliseer/verklaar sy liefde vir Afrikaanse musiek/Afrikaans./<br>Die liedjie (RAAMPIE 1) versterk die idee dat die sanger/sangers wel Afrikaanse musiek sing.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Afrikaans kan in die algemeen na die taal verwys en nie noodwendig na 'n liefde vir Afrikaanse musiek nie.<br>Sonder die hartjie is daar genoeg inligting om te verstaan dat die spotprent oor (Afrikaanse) musiek handel. √ | 1 |
| 1.15 | Die woorde van hierdie liedjie is herhalend/niksseggend/ligsinnig. √ | 1 |
| 1.16 | "hekwagters"/"poësie"/"kritiek" √ | 1 |
| | **TOTAAL: AFDELING A** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs voorbeelde wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**
- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Olifante toon 'n sin vir humor as hulle met hul slurpe waterkanon-waterkanon speel. Om te verhoed dat hul velle uitdroog, rol hulle in modderpoele. Olifante kommunikeer vindingryk met flappende ore as gevaar dreig. Die olifante groepeer om een volwasse koei om 'n basiese familiegroep te vorm. Verder word die leierolifant en haar kalwers toegelaat om eerste te eet./drink. Daar is 'n band van welwillendheid as 'n olifantkoei 'n kalf van 'n ander koei as haar eie aanvaar. Wanneer hulle speel, is dit met sorgvrye uitgelatenheid soos mense.

[86 woorde]

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | *MOONTLIKE* BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *... slurpe waterkanon-waterkanon speel.* | A | Olifante het 'n sin vir humor as hulle met hul slurpe waterkanon-waterkanon speel. |
| 2 | *... rol in modderpoele ...* | B | Olifante rol in modderpoele om te verhoed dat hulle velle uitdroog. |
| 3 | *... kommunikasietegnieke: flappende ore ... teken dat gevaar dreig.* | C | Olifante kommunikeer deur hulle ore te flap as 'n teken van gevaar. |
| 4 | *... basiese familiegroep om een volwasse koei georganiseer word ...* | D | Die olifante organiseer om een volwasse koei om 'n basiese familiegroep te vorm. |
| 5 | *... leierolifant en haar kalwers word … toegelaat om altyd eerste te eet en te drink.* | E | Die leierolifant en haar kalwers word toegelaat om eerste te eet./drink. |
| 6 | *'n Olifantkoei sal ... die kalf van 'n ander koei as haar eie aanvaar ...* | F | 'n Olifantkoei aanvaar 'n kalf van 'n ander koei as haar eie as die situasie dit vereis. |
| 7 | *... speel hulle met 'n sorgvrye uitgelaten-heid soos mensekinders.* | G | Hulle speel soos mensekinders met sorgvrye uitgelatenheid. |
| | | | **Getal woorde: 83** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Oorweeg 'n <u>veranderinkie</u> in jou studiemetodes. √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.*<br><br>**EN**<br><br>ander √<br><br>*Die kandidaat bied 'n sin met "veranderinkie" aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 3.2 | Die gekose komitee doen goeie werk./<br>Die verkose lede van die komitee doen goeie werk. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke sin met "gekose"/"verkose" aan.* | 1 |
| 3.3 | Ons interaktiewe lesse mag moontlik/dalk/miskien/heel waarskynlik klaskameronderrig vergemaklik./<br>Ons interaktiewe lesse kan (moontlik) klaskameronderrig vergemaklik./<br>Ons interaktiewe lesse sal moontlik/miskien klaskameronderrig vergemaklik./<br>Ons interaktiewe lesse behoort klaskameronderrig te vergemaklik./<br>As interaktiewe lesse tog maar klaskameronderrig sal vergemaklik. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin in die aanvoegende wyse (druk 'n moontlikheid/ waarskynlikheid uit) aan.* | 1 |
| 3.4 | Tutors sal verseker dat (jy) jou kennis uitbrei./verbeter. √ | 1 |
| 3.5 | dié top (leermetode)/<br>dié (top) leermetode √<br><br>*Die akuut moet korrek op die woord "dié" aangetoon word.* | 1 |
| 3.6 | Feit<br>Die asterisk bevestig dit met 'n verduideliking onder aan die advertensie./<br>'n (Via Africa-) toekenning is aan die maatskappy toegeken. √ | 1 |
| 3.7 | Piet moet/kan vir meer inligting en vir spesiale aanbiedings gekontak word./<br>Vir meer inligting en vir spesiale aanbiedings moet/kan Piet gekontak word./<br>Piet moet/kan gekontak word vir meer inligting en spesiale aanbiedings. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.8 | Leerders (in graad 4–12) wat (ekstra) klasse in Afrikaans Huistaal wil neem./nodig het./<br>Leerders wat Afrikaans (in graad 4–12) as 'n Huistaal neem./<br>Leerders wat graag suksesvol in Afrikaans Huistaal wil wees./Leerders (in graad 4–12) wat met Afrikaans Huistaal sukkel./<br>Ouers wat (ekstra) hulp vir hulle kinders verlang wat met Afrikaans Huistaal sukkel./<br>Ouers van die Laerskool Piet du Plooy.<br>Onderwysers wat rekenaargesteunde Afrikaansklasse/interaktiewe lesse in onderrig wil gebruik. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN van bogenoemde antwoorde vir EEN punt aan.*<br><br>Ja<br>Kontakinligting is strategies geplaas./duidelik aangedui.<br>Die advertensie maak van oorredende taal gebruik (bv. "... dié top leermetode ...").<br>Die insluiting van spesifieke inligting sal teikenlesers oortuig (bv. "Tutors sal verseker dat jou kennis uitbrei").<br>Die advertensie suggereer dat die teikenleser se behoefte suksesvol aangespreek sal word./<br>Die maatskappy het 'n toekenning/bekroning gekry.<br>Die leerders/kinders op die advertensie lyk gelukkig. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | truksvy √<br><br>**EN**<br><br>Jerome se ma/oumense is besitlik oor haar/hul motors./<br>Jerome mag nie sy ma se motor leen nie./<br>Jerome sal op 'n ander manier as met sy ma se motor na Ravi toe moet gaan./<br>Jerome se ma wil nie haar motor uitleen nie./<br>Sy planne om sy ma se motor te leen het nie uitgewerk nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.2 | Ja<br>Jerome het reeds besluit dat sy ma nie haar motor vir hom gaan leen nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Aangesien hy sy ma goed ken, vermoed hy dat sy nie haar motor uitleen nie. √ | 1 |
| 4.3 | (Jerome), ek kom laai jou op./kom haal jou vir 'n koffietjie. Ek skiet jou vir 'n koffie./Ek kom haal jou om koffie te gaan drink./Ek laai jou op om koffie te gaan drink./Ek stiek jou vir 'n koffie. √ | 1 |
| 4.4 | Jy klink anders omdat dit jou stem laat eggo./<br>Jy klink anders, omdat dit jou stem laat eggo./<br>Omdat dit jou stem laat eggo, klink jy anders. √<br><br>Die rede vir Ravi se emosie word gegee. √ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Indien een g weggelaat word, sal dit tot 'n betekenisverskil lei./<br>Die kort, beklemtoonde vokaal vereis 'n verdubbeling van die daaropvolgende konsonant. √ | 1 |
| 4.6 | Die seun soek skoor met sy ma./het met sy ma skoorgesoek./<br>Hy het skoor gaan soek by die Smitte se huis. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Indien die sin 'n infinitiefvorm bevat, kan dit nie as korrek aanvaar word nie.* | 1 |
| 4.7 | Seuns is moeilikheidmakers./<br>Seuns is dikwels in die moeilikheid./<br>Seuns veroorsaak dat ma's altyd oor hulle bekommerd is. √ | 1 |
| 4.8 | genot √ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 5.1 | oei/g<u>**oei**</u>e √<br><br>*Indien die woord geskryf word, moet slegs die diftong onderstreep word.* | 1 |
| 5.2 | Dit verbuig die byvoeglike naamwoord./'n Attributiewe byvoeglike naamwoord word gevorm.√ | 1 |
| 5.3 | Ek eet alles./<br>Ek eet álles. √ | 1 |
| 5.4 | eetgoed √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.5 | ... wat nie ronde handjies het nie. √<br><br>*Indien die kandidaat die sin oorskryf, moet die byvoeglike bysin onderstreep word.* | 1 |
| 5.6 | In paragraaf 5 word die komma tussen twee gesegdes/<u>tussen twee werkwoorde wat tot verskillende gesegdes</u> hoort, geplaas. √<br>Die komma word in paragraaf 8 tussen die opnoem van 'n reeks/lys dinge geplaas.√ | 2 |
| 5.7 | Dit dui op veralgemening./<br>Dit beklemtoon dat die gebak sonder uitsondering veerlig is./<br>Dit wys dit is van toepassing op elke vetkoek. √<br><br>**EN**<br><br>Boor 'n gat deur die bank sodat ons die rekenaarkabels kan koppel./<br>Ek loop deur die bank na die kassier toe. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir een punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 5.8 | Buurtwag/huiswag/straatwag/sekuriteitswag/karwag/nagwag √<br><br>*Die kandidaat bied* 'n *soortgelyke antwoord met "wag" as kern vir EEN punt aan.*<br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| | | **10** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou